

'n Teologies-estetiese benadering tot Praktiese Teologie - Homiletiese implikasies vir die toerusting van Christene ten opsigte van hulle taak in 'n gebroke samelewing

C J H Venter en F W de Wet
(PU vir CHO)

ABSTRACT

A theological-aesthetical approach to Practical Theology-Homiletical implications in equipping Christians for their task in a broken society

In a society plagued by violence, economical pressure and characterized by majority/minority politics, citizens can lose perspective regarding the sense and value of their participation in this society and become apathetic. In defining the components of a theological-aesthetical theory for perception, an attempt is made to indicate homiletical consequences for equipping listeners in adopting an extensive and intensive vision on their role in society, free from hopelessness and prejudice. Broadened in faith by a panoramical insight into God's goal for society and sharpened in love by a new consciousness of need in society, vision obtains a poetical character. In preaching a poetical vision can be communicated by means of poetical language, which in turn leads to poetical praxis.

1 INLEIDING

In 'n samelewing waarin mense gekonfronteer word deur elemente soos 'n hoë werkloosheidsyfer, swak ekonomiese vooruitsigte, meerderheid/minderheid-politiek word uitsigloosheid in die hand gewerk. Daar word ontdek dat daar geen toekomsmoontlikhede is nie en gevolglik twyfel mense aan die sin en waarde van hulle betrokkenheid in die samelewing.

'n Verdere kenmerkende verskynsel is dat mense kan toelaat dat hulle kritiese waardering van verskynsels en ontwikkelinge in die samelewing 'n growwe en ongenueanseerde aard verkry. Daar kan voortydig tot die oorvereenvoudigde gevolgtrekking gekom word, dat die samelewing so korrup is dat daar geen self meer aan te smeer is nie. 'n Oorheersend negatiewe beeld kan 'n potensieële deelnemer aan die samelewing so apaties maak dat hy bevooroordeel en verbitterd staan teenoor ander deelnemers en hulle integriteit *per se* in twyfel trek. Omdat die samelewing as boos en korrup afgemaak word en omdat hy homself as deel van 'n totale minder-

heid beskou, onttrek die waarnemer homself en sien hy nie meer die moontlikhede raak om 'n vormende invloed uit te oefen en diens te lewer in die openbare lewe nie.

Aan die ander kant kan mense toelaat dat veranderinge kritiekloos by hulle verbygaan. Uit vrees vir ontsteltenis of dat waarnemings dalk tot aanpassings en indringende optrede moet lei, weer hulle verantwoordings ten opsigte van die betrokke samelewingsverskynsels uit hulle bewussyn weg en verval in - wat in die volksmond bekendstaan as - onbetrokkenheid.

Prediking waarin die Woord van God nie met sorg toegelaat word om die helder lig van liefde en geregtigheid wat daarin opgesluit is onbevange op die samelewing te laat skyn nie, kan die verskynsels van 'n apatie, verpolitiseerde en onbetrokke houding teenoor die samelewing versterk¹.

In hierdie verband kan 'n teologies-estetiese benadering tot Praktiese Teologie moontlik 'n belangrike bydrae lewer. Die teologies-estetiese invalshoek kan 'n verruimde perspektief bied oor die doel waarom God die mens in die wêreld plaas en ook oor die voleinding waarop Hy die samelewing laat afstuur. 'n Teologies-estetiese benadering kan ook 'n kritiese waarnemingskerpte aanwakker, wat tot 'n dieper begrip en fyn aanvoeling kan lei vir dit wat nodig is vir die gelowige om sy christelike roeping in die gemeenskap uit te leef.

2 WAARNEMING AS SLEUTELBEGRIIP VAN 'N TEOLOGIES-ESTETIESE BENADERING TOT PRAKTIESE TEOLOGIE

2.1 'n Teologies-estetiese benadering tot Praktiese Teologie (Verantwoording)

Om Praktiese Teologie vanuit 'n estetiese invalshoek te benader, mag aanvanklik vreemd klink. Onder Estetika word gewoonlik "kunssinnigheid" verstaan en dit word daarom geassosieer met 'n benadering wat tot die domein van die kuns behoort. In die Westerse denke is kuns en religie as twee onderskeie "terreine" van mekaar geïsoleer. In die veroutonomisering van kuns is dit veral die denke van die Renaissance wat 'n groot rol gespeel het met die bekende slagspreuk "l'art pour l'art" (kuns ter wille van kuns). Daarvolgens ontvang kuns sy eie intrinsieke waarde, los van God². Bahr³ wys op die implikasies van 'n beskouing waarin kuns van ander lewensgebiede losgemaak word en 'n outonome plek gegee word. Volgens hom het die mens gewoon geraak om kuns as 'n "isolierten ästhetischen Wertbereich" te beskou. Kuns geld dan as outonome gebied langs ander soortgelyke gebiede soos die etiese of die religieuse. Die

estetiese word gereduseer tot 'n selfstandige gebied van die mens se geesteslewe en kuns word niks meer as 'n objek vir estetiese genot nie⁴.

Teenoor die veroutonomisering van kuns, pleit Bahr⁵ vir 'n visie waarin die estetiese die mens as geheel raak. As 'n voorbeeld van hoe belangrik en relevant dit is dat die estetiese onlosmaaklik geïntegreer behoort te word in die hele menswees, verwys Bahr na die probleem van beïnvloeding deur valse leer. Sonder 'n helder bewussyn waarin die fyne waargeneem word, kan 'n persoon deur die dwaling oorstrom word en die bewussyn aan die slaap gesus word. Hierteenoor staan die "künstlerische Stimmung" (kunssinnige stemming) wat deur helder bewussyn en openheid van die gemoed gekenmerk word. In die kunssinnige stemming is elemente van uiterste konsentrasie en kritiese gespannedheid teenwoordig. Deur die beoefening van hierdie stemming word nie alleen gevoelens aangeroe of die kontemplatiewe welgevalle bevredig nie, maar word die geheimenis van die situasie oopgesluit.

Teen die agtergrond van 'n denkwêreld waarin kuns van religie geskei word, wys Rudolf Bohren⁶ op 'n wesenlike gevaar vir wetenskapsbeoefening, naamlik dat dit in 'n verarmde gedagtelewe kan verval, waarin enige gedagte aan die skone uitgesluit word. Teologie kan tot 'n "ganz amusisches Gedankenleben" ingeperk word en kan gevange geneem word in 'n denksisteem waarin die Heilige Gees, as die Een wat alles nuut wil maak, verhinder word om lewend en krities teenwoordig te wees. 'n Geslote sisteem kan opgaan in die blote bevestiging van die bestaande. Dit konserveer dan bloot, in plaas daarvan om ook ruimte vir vernuwing te skep: "Das ezechielische Rauschen in den Totengebeinen findet nicht statt". Al kan 'n Praktiese Teologie hom verantwoord ten opsigte van die teologiese kwaliteit en Skriftuurlikheid en wetenskaplikheid van die arbeid, loop dit nog steeds die gevaar (wanneer dit nie met die estetiese dimensie rekening hou nie) om in 'n steriele, "amusische" gedagte-wêreld te verval, waarin verwondering oor die grootheid van dit waarmee die wetenskaplike besig mag wees, verlore gaan en die teorie gevolglik ook sy effektiewe werkingskrag kan verloor⁷. Die doel van 'n teologies-estetiese benadering is juis om wetenskaplike arbeid te verhoed om in enige engheid te verval, waarin die Here nie die volle eer gegee word wat aan Hom toekom nie.

'n Wesenlike kenmerk van 'n teologies-estetiese benadering tot Praktiese Teologie bestaan in die oogmerk om te wys op die skoonheid van God en ook om aan die wetenskaplike arbeid op makroskopiese en mikroskopiese vlak effektiewe waarnemingsinstrumente te gee, sodat die skoonheid van God in die volle omvang daarvan gesien kan word, sodat die regte taal gebruik kan word om dit wat gesien word te omskryf en sodat die blydskap

oor skoonheid of onsteltenis oor gebrek aan skoonheid tot nuwe dade kan aanspoor.

2.2 Waarneming as sleutelbegrip 'n 'n teologies-estetiese benadering met besondere verwysing na die denke van Bohren en Grözinger

In Rudolf Bohren se teologiese-estetika word die begrip "Wahrnehmung" (waarneming) as 'n sleutelinstrument vir die aanwending van estetika in die Praktiese Teologie gebruik. Estetika het vir Bohren te doen met die *waarneming* ("Wahrnehmung") en ook *vorming* ("Gestaltung") van die aanskoulike, waarin die skone vanuit God, vanuit sy heerlikheid en ook heilshistories vanuit aanvang en einde verstaan moet word.

"Theologie kommt von der Wahrnehmung her und bereitet Wahrnehmung vor" (Teologie kom uit waarneming voort en berei waarneming voor)⁸; "Ästhetik wurde verstanden vor allem unter dem Gesichtspunkt der Wahrnehmung. Ich verstehe Ästhetik zunächst als eine Art und Weise theologischen Erkennens" (Estetika word in die eerste plek onder die gesigspunt van waarneming verstaan. Dit word ten nouste verstaan as 'n uitdrukkingsvorm van teologiese herkenning)⁹.

Dit is belangrik dat die aard van die "Erkennen", waarvan hier sprake is, nader omlin word. In die "Erkennen" is daar nie van 'n waarneming sprake, wat bloot met die natuurlike sintuie of die verstand gemaak word nie. Vanuit die *Leitmotief* van God se aanskoulik-wording vra Bohren die vraag of die teologiese wetenskapsbeoefening wel in die posisie verkeer om God in sy aanskoulik-wording te erken en tot spreke te bring. Die wettiese manier van prediking (soos Bohren dit in sy leefwêreld ondervind), vind sy grond en struktuur in 'n teologie wat nie tot waarneming en erkenning gekom het van die Here wat was, wat is en wat kom nie. Daar word alleen gekonsentreer op die historiese, terwyl die Here wat is en wat kom nie in sy lewende teenwoordigheid waargeneem en omskryf word nie. Die verhistorisering van God dui op 'n gebrekkige denkwysie; dit dui op 'n teologie wat nie die regte meetinstrumente het om die ware grootheid en volheid van God waar te neem nie - 'n waarneming waardeur die bewussyn met nuwe lig gevul kan word en dit wat onuitgespreek is, in woorde tot uitdrukking gebring kan word. Teologie kom nie alleen uit waarneming voort nie, maar moet ook leer om waarneming voor te berei. Daarom kan teologie nie ophou by semantiek (uitleg van teks wat in verlede geskryf is nie). Dit is vir Bohren daarom nodig dat daar 'n nuwe denkstyl gevind moet word, waarin die grootheid en skoonheid van God tot sy reg kom en waarin die ontoereikendheid en engheid van 'n "ganz amüsisches Gedankenleben" deurbreek kan word¹⁰. Deurdat Praktiese Teologie in 'n kader

geplaas word waar dit uit waarneming voortkom en ook waarneming voorberei, roep hierdie beweging tussen verlede en toekoms, hierdie insig dat die proses van waarneming nie net 'n begin het nie, maar ook 'n einde het, om 'n meersydige inrigting van die waarnemingbegrip.

Waarneming word dan deur Bohren in 'n tweekantige sin ingerig: a) as waarneming deur middel van die geloofsoë en b) as waarneming in die sin van die vervulling van 'n opdrag. God se handelinge, sy praktieswording wil waargeneem word in hierdie dubbele sin van die woord: "Darum versuche ich, Praktische Theologie als theologische Ästhetik zu verstehen. Gottes Handeln, Gottes Praktisch-Werden, will wahrgenommen werden in diesem doppelten Sinn. Von einem wahrnehmenden Erkennen und von einem Wahrnehmen des Auftrags" (Die manier waarop God prakties word, word in 'n dubbele sin waargeneem. In die waarnemende herkenning van God, maar ook in die waarneming van 'n opdrag)¹¹. Dit wat die gemeente waarneem, word waargemaak deurdat 'n amp in diens van die Here waargeneem word¹².

Albrecht Grözinger¹³ ken ook aan die waarneming-begrip 'n sentrale plek in sy teologies-estetiese denke toe. Hy maak 'n vergelyking tussen twee karakters uit die speurroman-*genre* waarin na vore kom hoe waarneming uit verskillende perspektiewe ingerig kan word. Sherlock Holmes gebruik in sy misdaadnavorsing 'n metode wat bestaan uit 'n samestelling tussen blik, deduksie en kombinasie. Holmes se uitgangspunt bestaan in eksakte waarneming (mikrologiese blik). Sy geheim bestaan nie daarin dat hy meer as sy omwêreld sien nie, maar daarin dat hy anders kyk. Holmes werk op 'n streng analities-wetenskaplike wyse en tree op soos 'n jaghond wat sy slagoffer koelbloedig vervolg. In sy metode is daar geen plek vir emosie nie. Emosie werk skadelik op klare logika in.

Die tweede karakterskets wat deur Grözinger gedoen word, kom uit die misdaadromans van Georges Simenon. Kommissaris Jules Maigret, 'n karakterskepping van Simenon, hou rekening met die meerduidigheid van die wêreld en die mens en wys ook op die bevrageektekening van die poging om die veelduidigheid te oorvereenvoudig tot 'n eenduidigheid. In die plek van die analitiese blik van Holmes tree 'n poëtiese blik na vore. Maigret wil die wêreld en die mens nie in die eerste plek verklaar nie, maar wil sy milieu waarneem in al die dimensies van sintuiglike waarneming en toelaat dat dit 'n indruk op hom maak. Die kuns van Maigret is die kuns van identifikasie met die misdadiger. Waar Holmes triomfeer wanneer hy die werklikheid met sy streng analitiese deduksie tot eenduidigheid gebring het, treur Maigret omdat sy poëtiese rekonstruksie die werklikheid nie eenduidig gemaak het nie. Eerder ondervind hy dat 'n "opgeloste" misdaadsaak

'n situasie teweegbring wat meer weersprekende, skreiende, onverstaanbare elemente daarin het as toe hy aan die begin van die saak gestaan het¹⁴.

Na aanleiding van hierdie vergelyking tussen Holmes en Maigret, formuleer Grözinger¹⁵ 'n tese vir 'n verantwoordelike manier waarop blik as prakties-teologiese model aangewend kan word. Teenoor die analitiese blik, gee hy voorrang aan 'n poëtiese blik. Die nadele van 'n blote analitiese blik in prakties-teologiese navorsing is dat dit nie ruimte laat vir die onverklaarbaarheid van God en die geheimenis-struktuur van die wêreld nie. Die analitiese metode maak wêreld en mens tot sy objek, wat hulpeloos die analis se ingrype moet verdra. Die onbarmhartige skerp blik verneder mense en dinge tot voorwerpe onder 'n mikroskoop. Hulle word geen geleentheid gegun om hulle stem te laat hoor in die proses nie. Die analitiese blik begrens die handeling wat daaruit voortvloei tot die tegnies-instrumentele dimensie.

Hierteenoor wil die poëtiese blik die wêreld en dinge minder onder 'n vasgestelde een-duidigheid bring, as wat dit eerder die geheimenis-struktuur daarvan na vore wil laat kom. Daarmee skeep die poëtiese blik ruimte vir die teologiese dimensie. In die poëtiese blik word die mens en wêreld nie tot 'n blote objek gemaak nie. Die poëtiese blik wil veel eerder die sluimerende blik van dit wat waargeneem word, laat ontwaak sodat daar 'n uitruiling van blik kan plaasvind. Nie 'n subjek-objek-relasie bepaal hierdie blik nie, maar 'n dialogiese blik-verwisseling tussen twee gelykbe-regtige subjekte.

Uit die bespreking van Bohren en Grözinger se onderskeie omlýning van die waarneming-begrip, blyk dit dat die aanwending van hierdie begrip nuwe moontlikhede kan bied om die teorie-praxis verhouding te omskryf (vgl Bohren se dubbele omskrywing van waarneming-begrip) en ook 'n navorsingsmetode kan oopmaak wat deeglik rekening hou met die teologiese aard van Praktiese Teologie (vgl Grözinger se poëtiese blik). Die begrip "poëtiese blik" sal egter nader omlýn moet word en daar sal sorg gedra moet word dat daar nie in relativisme en subjektiwisme verval word nie.

2.3 Bybelse perspektiewe vir die inrigting van 'n verantwoorde waarneming-begrip

Grözinger¹⁶ dui aan dat die Bybel geen sistematiese leer oor sintuiglike waarneming ken nie. Die *Septuagint* is baie terughoudend om waarnemingsaktiwiteit met die begrip *aisthanomai* te beskryf. In die terughouding van die vertaler kom die verskil in perspektief op menslike waarnemingsvermoë tussen die antieke filosofiese denke en die Bybelse denke na vore.

Ook is dit opvallend dat die begrip *aisthanomai*, wat vir die Westerse filosofie so 'n gewigtige begrip is, in die Nuwe Testament net op drie plekke voorkom:

- * In Lukas 9:43-45 waar die dissipels se gebrek aan waarneming tydens die tweede lydingsaankondiging met die werkwoord *aisthontai* beskryf word.
- * In Filippense 1:9 waar Paulus voorbidding doen vir die gemeente dat hulle liefde nog ryker sal word in kennis (*epignosis*) en ervaring (*aisthesis*).
- * Die derde en laaste plek waar die begrip gebruik word, is Hebreërs 5: 12-14, waar die gemeente vermaan word omdat dit blyk dat hulle so weinig gegroei het in die geloof dat dit weer nodig is om aan hulle die melkkos van die grondwaarhede deur te gee. Vaste kos is vir die volmaaktes, wat deur die gebruik daarvan geoefende sinne (*aisthetaria*) verkry en in staat is om te onderskei tussen goed en kwaad.

Dit is opmerklik dat in al drie die gevalle daar nie van sintuiglike waarneming sprake is nie, maar van waarneming (of gebrek aan waarneming) op 'n geestelike vlak wat tot 'n verhoogde vlak van insig en tot 'n verhoogde vlak van sensitiviteit in die optrede aanleiding gee.

Alhoewel daar nie 'n uitgewerkte waarnemingsleer in die Bybel is nie, is daar wel duidelike getuienis wat vir die formulering van 'n waarnemingsleer van normatiewe waarde kan wees. Die uitstaande kenmerke van 'n Christelike waarnemingsleer sou wees dat a) waarneming deur geloof verruim word en b) deur liefde verskerp word:

* **Verruiming van waarneming deur geloof**

In die Johannes-Ewangelie word die Christelike geloof volgens Hahn¹⁷ baie nou verbind met "einem konkreten Akt des Schauens". Van nou af sal die gelowiges die hemel geopend sien en die engele van God sien opklim en neerdaal op die Seun van die mens (Joh 1:51). Geloof in die Seun van die mens word gegrond op die oortuiging dat in Hom (die Woord wat vlees geword het), die ware ontmoetingsplek tussen hemel en aarde te vinde is. In Hom het die heerlikheid van die hemele afgedaal na die aarde toe. Dit is sigbaar gemaak deur Iemand wat self die menslike natuur aangeneem het. Deur die lewende kontak met Jesus word die aardse gebonde mens verhef tot in die hemel¹⁸. Deur Jesus Christus word die hemelse dimensie oopgemaak sodat die Vader gesien kan word: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My

ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom” (Joh 14:6; vgl 1:18; 12:44-46). Deur geloof in Jesus Christus vind daar ’n verruiming in die waarnemingsveld plaas sodat die hemelse dimensie (bepaald kennis van die Vader) toeganklik word.

’n Ander dimensie waarin dit duidelik na vore kom hoe waarneming deur geloof verruim word, word in die Hebreërbrief aangetref. Geloof bring sekerheid oor die dinge wat gehoop word en oortuiging van die dinge wat nie gesien kan word nie (Heb 11:1). Laubach¹⁹ meen dat met die geloof ’n nuwe “Erkenntnisvermögen” geskenk word. Die gelowige bekom sekerheid in ’n sigbare wêreld wat alles weerspreek waarop hy sy hoop plaas. Die gelowige bekom ook ’n nuwe blik op die onsigbare werklikheid van God sodat die hemelse nie vir hom in vaaghede en onwerklikhede opgaan nie. Die hemelse stad is vir die gelowige so ’n werklikheid dat daar in taal gepraat word van iemand wat reeds gekom het by die stad met sy miljoene engele en die feestelike samekoms van die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is (12:22). Die “onsigbare dinge” is vir die gelowige nie ’n vaagheid wat in die newels van die toekoms ’n totale onbekende en onverkende werklikheid is nie. Hierdie verruimde geloofswaarneming plaas die gelowige se lewe in ’n konteks van sekerheid en vastigheid te midde van ’n verganklike wêreld waarin hy hom bevind.

* **Verskerping van waarneming deur liefde**

In die Bybel vloei sorg en besorgdheid as onmisbare elemente uit waarneming in ’n gebroke situasie voort. Toe Jesus die mense na Hom toe sien aankom, het Hy nie net ’n grys massa waargeneem of hulle as onwelkome besoekers beskou wat sy rus versteur nie. Hy het hulle innig jammer gekry, want uit dit wat Hy in hulle waargeneem het, het Hy afgelei dat hulle moeg en hulpeloos was soos skape wat nie ’n Herder het nie (Mat 9:36). Die besondere blik wat vanuit Jesus uitgaan is, word deur Grözinger²⁰ omskryf as ’n “liebender” en “entdeckend-helfender” blik. Dit is vir Grözinger dan opvallend dat die waarneming van Jesus nie by sien bly nie, maar oorgaan tot die daad: “Wo andere Menschen nicht sehen, da sieht er; wo er sieht, da hilft er. Sein Sehen ist identisch mit liebender Zuwendung und Annahme”. Waarneming lei tot innige jammerte en innige jammerte lei tot die daad waarin die Goeie Herder sy lewe aflê vir die skape.

Bohren²¹ vra hoe daar tot ’n nuwe waarneming van die wêreld gekom kan word. Met verwysing na 2 Korintiërs 5:14-17 waarin aangedui word hoe die liefde die naaste in ’n totaal nuwe lig laat sien, gee hy die volgende antwoord: “Die Liebe entdeckt das Neue: sie macht nicht blind, wohl aber öffnet sie die Augen zu einem Blick, der Unsichtbares wahr-

nimmt. Während der Beobachter registriert, staunt der Liebende: Was er sah, geht mit ihm und läßt ihn anders urteilen, als der Gleichgültige urteilt". In plaas van om die medegelowige waar te neem in die ou konteks van die sigbaar-materiële wêreld, word daar verstom gestaan wanneer die skoonheid sigbaar word van nuwe mense wat nie meer vir hulleself lewe nie, maar vir Christus wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.

Sonder 'n oefening van die geloofslewe, kan die gelowige se waarningskerpte afgestomp raak. Diegene wat nie alles in die stryd werp om hulle geloof te verryk met deugszaamheid, die deugszaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense nie, kan nie met ywer en vrug die Here Jesus Christus beter leer ken nie. Hulle is kortsigtig; nog erger, hulle is blind en het vergeet dat hulle van die vroeëre sondes gereinig is (2 Petr 1:3-15).

Paulus bid dat die Filippense se liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat hulle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Fil 1:9,10a). Liefde neem toe deur begrip (*epignosis*) en fyn aanvoeling (*aisthesis*). *Epignosis* is 'n intieme kennis van God en sy wil soos dit deur Hom deur sy openbaring bekend gemaak word, terwyl *aisthesis* in die lig van die kennis van God verteenwoordigend is van 'n onderskeidingsvermoë wat werklik nodig is in 'n gemeenskap om tot eer van God te lewe^{21(a)}. Vanuit 'n insig in die besondere band wat tussen die Filippense bestaan kragtens hulle inbegrepenheid by God, sal hulle 'n liefdevolle gemeenskap kan word wat kan onderskei watter kragte eenheid in die hand werk en watter kragte vernietigend daarop inwerk. Begrip en fyn aanvoeling bring nuwe fokus vir 'n visie wat afgestomp geraak het en gevolglik tot 'n gemeenskap gelei het waarin onenigheid en liefdelose foutsoekery voorkom (4:1 ev).

3 SLEUTELELEMENTE IN DIE FORMULERING VAN 'N TEOLOGIES-ESTETIESE WAARNEMINGSLEER MET DIE HOMI- LETIESE IMPLIKASIES WAT DAARUIT VOORTVLOEI

3.1 Poëtiese blik

Grözinger (vgl 2:1) gebruik die term poëtiese blik omdat dit - anders as 'n suiwer analitiese blik - die geheimenisstruktuur, wat kenmerkend is van die ondersoekveld van teologie, tot sy reg laat kom. Vir die gelowige transendeer die poëtiese blik die banale en die gewone; die gelowige kyk deur altyd nuwe oë na die werklikheid en sien 'n geheimenisstruktuur agter

skynbaar “gewone” verskynsels. Die Bybelse wêreld is ’n nuwe wêreld wat alleen op ’n poëtiese wyse in die ou wêreld kan inbreek. Daarom kan die hoogste funksie van poësie soos volg geformuleer word: “Die in der entfremdeten Wirklichkeit verborgene Möglichkeit zum Vorschein zu bringen” (Poësie bring in ’n werklikheid waarvan ’n mens vervreem is, verborge moontlikhede te voorskyn)²².

’n Poëtiese blik verkry deur die geloof ’n multi-dimensionele beeld van die werklikheid sodat ’n panoramiese oorsig oor die ontstaan, voortgang en voleinding van alle dinge verkry word en die gees vervul word met verwondering en lof vir die Skepper, Onderhouer en Voleinder van alle dinge. Christelike liefde vervul die gees van die waarnemer met ’n poëtiese element waarin ’n skerp blik op ’n gebroke werklikheid verkry kan word en die gees met meelewende aanvoeling en besorgdheid vervul kan word oor die ellende en gebrek aan vervulling wat waargeneem word.

Wanneer die term poëtiese blik gebruik word om die unieke aard van waarneming aan te dui, sou dit egter nodig wees om die gang van die proses van interaksie tussen waarnemer en dit wat waargeneem word nader te omlin. Sodra daar sprake is van ’n “indruk” wat op die waarnemer gemaak word, kan daar in die gevaar van subjektiwisme verval word, sodat die betekenis van die objek wat waargeneem word nie meer in homself opgesluit lê nie, maar in dit wat die waarnemer maak van wat hy sien. Wanneer daar van ’n poëtiese blik sprake is, ’n blik waarin nie alleen rasonale elemente tot aktiwiteit kom nie, maar ook emotiewe elemente, behoort daar kriteria te wees waardeur die geldigheid van die waarneming verseker kan word. Alleen wanneer die Woord van God dag en nag oordink word en daar deur ’n teonome resiproke verhouding met die Gees van God tot ’n geloofseenheid met die vleesgeworde Woord van God gekom word, kan die gees van die waarnemer verhelder word sodat die blik poëties verruim kan word om die onsigbare dinge van God in waarheid te sien en die blik verskerp kan word om die ware skoonheid of gebrek aan skoonheid in ’n lewensituasie te sien²³.

3.1.1 Homiletiese implikasies

Poëtiese blik veronderstel in die eerste plek ’n besondere omgang met die teks deur die prediker. Die nuwe, “das Novum des Evangeliums”, “die Zukunft Gottes” en die “homo ludens” is die faktore wat vir Bohren die weg na ’n poëtiese Homiletiek aanwys - ’n weg waarin die prediker op ’n speelse wyse die nuwe in die teks sy eie maak: “Spielerisch gewinnt er das Neue, die Sprache der Hoffnung im Horizont der Zukunft Gottes”²⁴. Daar kan nie met ’n teks in die lewende Woord van die Here omgegaan word

asof dit 'n lyk is wat in 'n *rigor mortis* van die verlede-tyd vasgevang is en wat klinies gedissekteer word nie.

'n Verruimde blik deur die lens van die Skrif op die geheimenis-struktuur wat agter die voor-die-hand-liggende situasie van die hoorders lê en 'n verskerpte blik op die ware nood waarin hulle verkeer, bied aan die prediker die vreugde en die verantwoordelikheid om die hoorders iets te laat sien wat hulle nog nie gesien het nie of weens afstomping nie meer sien nie. Vanuit die Woord word daar altyd 'n verrassend nuwe perspektief gebring wat nuwe vreugde in dooie harte kan wek en nuwe hoop kan bring waar geen hoop is nie. In die lig van die Woord word die hoorder bevry van 'n perspektief op die "alledaagse" lewe wat so alledaags raak, dat dit nie meer raakgesien word nie - van 'n afgestompte perspektief waarin dit wat voorheen geskok het, nie meer skok nie. Die samelewing word deur altyd-nuwe-oë gesien. Noodkrete wat voorheen nooit gehoor is nie word gehoor. Die geboortepyne wat getuig van 'n nuwe skepping wat aan die kom is, word raakgesien. Die diskrepansie tussen dit wat die samelewing is en dit waarheen dit op pad is, word in die duidelik kontrasterende kleure daarvan gesien. As 'n voorbeeld van hoe die poëtiese visie uit die gevangeneming deur 'n ou, eensydige perspektief kan deurbreek, kan na Romeine 8:18 verwys word. In die homiletiese aanwending van hierdie teks kan die hoorders bevry word van 'n eensydige perspektief waarin hulle net vaskyk teen die lyding wat nou verduur moet word. In die geloof kan 'n diepteblisk verkry word en kan daar tot die onsigbare deurgedring word sodat nie net die een arm van die weegskaal met die gewigte van die aardse lyding daarop gesien word nie, maar ook die onsigbare arm aan die ander kant gesien kan word waarin die heerlikheid wat God voorberei - die heerlikheid wat verteenwoordigend is van 'n baie swaarder gewig is - tot openbaring kom. Wie die genade ontvang om die onsigbare kant ook raak te sien, sal beseef dat sy lyding wat weens 'n eensydige perspektief as 'n ondraaglike las beleef is, nie opweeg teen die heerlikheid aan die ander kant van die skaal nie.

Müller²⁵ het 'n analise gemaak van meer as 100 Afrikaans- en Engelstalige eredienste wat deur verskeie denominasies oor die kanale van die SAUK uitgesaai is. 'n Goeie 20% van hierdie preke was verteenwoordigend van 'n duidelike beseef dat kerk en samelewing tans in Suid-Afrika 'n histories gelade oomblik beleef en ook teologies-homileties by 'n kruispad gekom het. In hierdie preke is 'n nare werklikheid verwoord en is daar ook aan emosies lug gegee wat laat vore kom hoe die realiteit mense neerslagtig maak, hulle visie, moed, energie en hoop wegvreet. Maar kenmerkend van hierdie preke was ook dat hulle mense wat magteloos en ver-

slae is en tog ook op 'n ambivalente manier hoop het, 'n nuwe visie gee, 'n nuwe bril waardeur hulle die situasie bevrydend kan lees.

En dan vra Müller hoe die preke dit regkry? Volgens hom vind daar in hierdie preke 'n teologiese verplasing van ons gebroke wêreld in die hande van die genadige en skenkende God plaas. Juis in die ambivalente situasie word deur middel van die preekteks die sosiale werklikheid nuut gelees en geïnterpreteer vanuit God se verrassende perspektief daarop. Nie primêr die wet nie, maar die belofte en indikatief van God se heilshandeling word in die teks deurgelees na die huidige situasie toe. Hierdie preke is visioenêr van aard. Die primêre klem word geplaas op wat God doen, en nie op wat mense doen nie. Die negatiewe onderbou word teologies-homileties verplaas deur 'n visie op God. Gelowiges word daardeur gehelp om op 'n ander manier na die lewe, na die situasie en na die wêreld te kyk. En hoe hulle kyk, raak hulle manier van leef, hulle denke, hulle prioriteite.

Die bevrydende visie wat deur 'n poëtiese blik oopgemaak word, kan egter nooit opgaan in 'n situasie waarin die hoorders daartoe gelei word om in 'n droomwêreld te lewe en die gebroke werklikheid waarin hulle lewe te vermy nie. Alhoewel die gelowige 'n kritiese distansie teen die huidige *aeon* handhaaf (vgl Rom 12:1,2²⁶, hoef hy nie die werklikheid te ontvlug nie, maar kan hy vanuit die poëtiese blik wys op die *reeds* en *nog nie* van die koms van die koninkryk van God en kan hy deur sy lewe reeds nou iets sigbaar maak van die komende koninkryk.

3.2 Poëtiese taal

Wanneer 'n waarnemer se gees vervul is met verwondering oor dit wat hy in verruimde geloofswaarneming sien en met pyn en ontsteltenis oor die gebrokenheid wat hy deur die mikroskoop van die liefde gesien het, kan hy nie anders as om uitdrukking te gee aan dit waarvan sy gees vol is nie. Daarom lei poëtiese blik tot poëtiese taal. Dit wat gesien word, is so oorweldigend en ondeurgrondelik dat die waarnemer nie anders kan as om poëtiese taal te gebruik nie. Berger²⁷ wys ook daarop dat die inhoud waarmee teologie werk, die prediker lei tot 'n nuwe taal, die taal van poësie: "Zur Poesie deshalb, weil reale Hoffnungen in ihrer Offenheit nicht anders sagbar sind als auf poetische Weise". Poëtiese taal het in 'n groot mate in die Protestantse teologie verlore gegaan. Alhoewel die Reformasie aanvanklik die skolastiese neiging tot rasionalisme gekorrigeer het, is hierdie neiging in die tyd van Protestantse Ortodoksie weer voortgesit. Later is dit trouens nog versterk deur die rasionalisme van die Aufklärung²⁸.

Sowel lof as klag sal die kenmerkende taal wees wat uit 'n poëtiese visie voortvloei. Sowel die oproep tot begrafnisspel as die oproep tot die

bruilofspel wat die kinders vir hulle maats op die stadspleine toeroep (Matt 11:16-19), sal deel wees van die kenmerkende taal van die teologie. Sowel die begrafnislied van die oproep tot afsterwe van die oue (Johannes die Doper) as die bruilofslid van verwondering en blydschap oor die koms van die Bruidegom, sal gesing word. “Wenn theologische Ästhetik die Bemühung ist, die Wirklichkeit im Licht der Wahrheit Gottes wahrzunehmen, dann führt sie zum Gotteslob und bleibt zugleich der Klage vor Gott eingedenk”²⁹.

3.2.1 Homiletiese implikasies

Om die verruimde en verskerpte blik wat die prediker deur omgang met die teks verkry aan die hoorders oor te dra, is ’n eiesoortige taal nodig. Daarom word ’n poëtiese blik in die prediking gekommunikeer deur poëtiese taal. Daar kan nie in gewone taal gepraat word oor ’n Skrifperspektief wat die gees met verwondering vervul oor die grootheid van God en die grootheid van sy plan met alle dinge nie. Wanneer ’n verskerpte blik op die nood in ’n gebroke werklikheid en die moontlikheid dat die hoorder self aandeel kan hê in die totstandkoming van die nood, gekommunikeer wil word, kan ook nie taal gebruik word wat die hoorder op ’n afstand laat staan, sodat die versugting wat uit die situasie roep, nie tot hom deurdring nie.

Paulus kan nie anders as om poëtiese taal te gebruik om die ondeurgrondelikheid en die verrassende heerlikheid van God se heilsplan te beskryf nie. Daar is niks gewoon aan die manier waarop God handel in die weg van verlossing nie, daarom kan dit nie in gewone taal beskryf word nie. Die verrassende manier waarop dit moontlik gemaak word dat die heidennasies deel van Israel kan word, kan nie anders as om begroet te word met poëtiese taal nie:

“O diepte van die rykdom en wysheid
en kennis van God!
Hoe ondeurgrondelik is sy oordele,
Hoe onnaspeurlik sy weë” (Rom 11:33).

Die profeet Esegïel gebruik poëtiese taal om die tragedie en onhoudbaarheid van ’n situasie te beskryf wat weens afstomping in die gees van die hoorders as ’n normale en aanvaarbare situasie beleef word - ’n situasie waarin geen verandering nodig is nie. Israel word in beeldryke taal beskryf as ’n weggooïdogter, oor wie niemand besorg was nie. Aangrypente taal word gebruik om te beskryf hoe die Here Hom oor Israel ontferm het met

tere vaderliefde. Dan word die skokkendheid en onhoudbaarheid daarvan uitgebeeld dat Israel juis die skoonheid waarmee die Here haar versier het, misbruik om te heul met die goddelose wêreld (Eseg 16).

So afgestomp het die gees van Dawid geraak deur die waan van selfregverdiging na sy sonde met Bateba, dat daar 'n besondere taal-uiting nodig was om die onhoudbaarheid van sy situasie tot hom te laat deurdring. Beeldryke taal, waarin 'n situasie van skreiende onreg ontvou, word deur Natan gebruik om die hoorder mee te sleur en uiteindelik by 'n skokkende *katarsis* te laat kom met die woorde: "Jy is die man!" (vgl 2 Sam 12).

3.3 Poëtiese *praxis*

'n Poëtiese blik lei nie alleen tot poëtiese taal nie, maar mond uit in poëtiese *praxis* (nuwe dade), waarin God verheerlik word en waarin gesmag word na die volle realisering van sy koninkryk.

Daar is verskillende vlakke waarop die poëtiese in die *praxis* kan inspeel:

Die poëtiese dimensie kan enersyds 'n opwekkende, inspirerende uitwerking hê, wat handeling tot nuwe ywer, erns en vreugde stimuleer. 'n Poëtiese blik kan byvoorbeeld meehelp om 'n ritmiese patroon in bepaalde aspekte van handeling, naamlik beweging en kontak met die leefomgewing te laat ontdek. Lukács³⁰ verwys byvoorbeeld na die handeling van twee grofsmede wat in harmonie met mekaar 'n bepaalde speelse klankpatroon vorm met hulle onderskeie hamerslag. Die resultaat van die ritmiese klankpatroon is dat dit arbeidsvreugde opwek en die vermoeidheid wat met arbeid gepaard gaan, verlig³¹. 'n Ander voorbeeld met 'n teologiese toepassing: Soos gevegseenhede wat deur oorlogsmusiek opgewek word tot nuwe ywer in die stryd, kan gelowige stryderts deur poëtiese taal opgewek word om die heilige stryd teen die bose magte in die lug sonder terugdeinsing voort te sit.

'n Verdere dimensie waarin die poëtiese in die *praxis* kan inspeel, bestaan in die begrip vir die heenwysende en simboliese aard wat 'n handeling kan hê. Skynbaar gewone handeling in die daaglikse werklikheid kan terug herlei word en in verbinding gestel word met die onsigbare Goddelike werklikheid - in so 'n mate dat dit deur die Goddelike werklikheid omsluit word. Die poësie van die *praxis* word esteties waarneembaar, wanneer daar meer in dade en handeling waargeneem word as wat op die oog af daarin geleë is. 'n Poësie van *praxis* kan handeling waarneem vanuit die skeppingsbepaaldheid daarvan. 'n Handeling deur die *homo faber* kan eers in die volle betekenisrykheid en heerlikheid daarvan waargeneem word wanneer die handeling terug herlei word na die skeppings-

werk aan die begin: “Das Spielerische, Schöne aller Arbeit als Zusammenspiel erinnert an die Poesie vom Es-erde und Es-ward (Met verwysing na die “Dit het geword” en “Dit was” formules in Genesis 1 - (F W de W) und verdankt auf diese Weise die Schöpfung des Schöpfers”³². Handeling kan ook waargeneem word vanuit die vooruitgrypende aard daarvan na die komende voleinding van die koninkryk. ’n Handeling waarin die liefde van die Here sigbaar gemaak word in menselewens, kan ’n nuwe lig laat skyn in die duisternis van hierdie gebroke wêreld en sodoende getuig van die heerlikheid van die komende bedeling.

3.3.1 Homiletiese implikasies

Poëtiese taal in die prediking kan deur die Gees van God gebruik word om die hoorders tot nuwe dade op te wek. Die verkondiging van die Skrif wat deur God geïnspireer is (2 Tim.3:16), kan hoorders van die Skrif inspireer tot nuwe dade waarin in die waarheid vasgestaan word, dwalinge bestry word, verkeerdhede reggestel word en ’n regte lewenswyse gekweek word. Deur die skoonheid van die waarheid in doksologiese taal te omskryf, kan hoorders tot ’n nuwe liefde vir waarheid opgewek word, geïnspireer word om die waarheid ten alle koste te verdedig en om hulle te verlustig in die skoonheid wat voortvloei uit ’n lewenswyse wat op die waarheid geskoei is.

’n Poëtiese blik wat deur middel van poëtiese taal gekommunikeer word, kan daartoe bydra om hoorders te vervul met ’n besef van die betekenisrykheid van handeling in die koninkryk van God. Handeling kan van elemente soos dwangmatigheid, vreugdeloosheid en sinloosheid bevry word sodat die heerlikheid en edelheid van koninkryksdiens besef sal word en die hoorder se handeling profeties sal heenwys na ’n aarde wat nuut en vry van alle verganklikheid is.

4 SLOT

In ’n samelewing waarin mense se gedagte-wêreld gevange geneem kan word deur uitsigloosheid en kan afstomp tot liefdeloosheid, behoort ’n verantwoordlike omgang met die Woord van die Here in die prediking beklemtoon te word. Wanneer Skrifperspektiewe wat ’n nuwe waarne-mingshorison kan oopbreek, in die prediking gevange gehou word asof die Woord nie skeppingsmagtig is nie, kan hoorders nie bevry word van ’n gedagte-wêreld waarin geen moontlikhede meer gesien word vir ’n sinvolle betrokkenheid in die samelewing nie. ’n Verarmde blik op die perspektiewe wat die Skrif oor die Christen se roeping in die wêreld wil oopmaak,

lei tot 'n verarmde taalgebruik in die prediking en tot 'n verarmde *praxis* in die lewe van die hoorders.

Hoe tragies is dit wanneer 'n samelewing wat smag na hoop - wat deur 'n nuwe visie op die koninkryk van God alleen gebring kan word - en na verbinding van wonde-wat deur toepassing van christelike liefde alleen gebring kan word - weens 'n gebrek aan lewende, toerustende Woordver-kondiging deur swye begroet word.

Vir 'n kerk waarin die lewende Woord van God gewoon gemaak word, is dit beter om te swyg:

“liebe gemeinde
jeden sonntag hört ihr blabla
auch ich selbst höre blabla
was ich auch sage blabla
lasset uns diesen sonntag nun
schweigen”³³.

Die God van die Woord kan nooit gewoon wees nie. Die roeping wat Hy vir sy kinders in die samelewing het, kan ook nooit gewoon wees nie. Daarom is 'n eiesoortige blik en 'n eiesoortige taal nodig om tot die heerlikheid van 'n eiesoortige *praxis* te voer - 'n *praxis* wat die swye kan breek.

NOTAS:

- 1 J H Cilliers, “Die teologiese onderbou van die prediking - Analise en beoordeling van die Nederduits Gereformeerde volksprediking”, *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 9 (1994), 1.
- 2 L Wencelius, “Calvyn se kunswisheid”, in: Federasie van Calvinistiese studenteverenigings in Suid-Afrika, *Koers in die Krisis II*, Stellenbosch 1940, 251.
- 3 H E Bahr, *Poesis - Theologische Untersuchung der Kunst*, Stuttgart 1961, 33 ev.
- 4 C Westermann, “Biblische Ästhetik”. *Die Zeichen der Zeit*, 1, 2 (1950), 277-289; vergelyk ook L Thijs “Kunst als spoor van God?” Over de aktualiteit van G van der Leeuw’s theologiese esthetiek”, *Gereformeerde Theologiese Tijdschrift*, 89,1 (1989), 41-60.
- 5 Bahr, *a w*, 35.
- 6 R Bohren, *Dass Gott schön werde - Praktische Theologie als theologische Ästhetik*, München 1975, 16 ev.
- 7 Vergelyk F W de Wet en C J H Venter, “Die implikasies van enkele pneumatologiese insigte van Rudolf Bohren vir die Praktiese Teologie”, *In die Skriflig*, 32/2 (1998), 128.

- 8 R Bohren, *Geist und Gericht - Arbeiten zur Praktischen Theologie*, Neukirchen 1979, 15.
- 9 R Bohren, *a w*, 1975, 15.
- 10 R Bohren, *a w*, 1975, 125.
- 11 R Bohren, "Das Wort Gottes und die Kirche", *Evangelische Theologie*, 36/4 (1976), 312-314. R Bohren *a w*, 1979, 13; A Grözinger, Christologie und Ästhetik. Die Lichterlehre Karl Barth in ihrer Bedeutsamkeit für die Praktische Theologie - Ein Prospekt, in: Siem, Steiger (eds) *Lobet Gott - Beiträge zur theologischen Ästhetik* (Festschrift Rudolf Bohren zum 70 Geburtstag), München 1990, 44.
- 12 Bohren, *a w*, 1975, 135.
- 13 A Grözinger, *Praktische Theologie und Ästhetik - ein Beitrag zur Grundlegung der Praktischen Theologie*, Münster 1987, 247 ev.
- 14 R Bohren, *Prophetie und Seelsorge - Eduard Thurneysen*, Neukirchen 1982, 201.
- 15 Vergelyk Grözinger, *a w*, 1987, 256.
- 16 A Grözinger, *Praktische Theologie als Kunst der Wahrnehmung*, Gütersloh, 1995, 34.
- 17 F Hahn, *Sehen und Glauben im Johannesevangelium*, Tübingen 1972, 26.
- 18 Vergelyk R V G Tasker, *The Gospel according to St John - an introduction and commentary*, Grand Rapids 1983, 54.
- 19 F Laubach, *Der Brief an die Hebräer*, Wuppertal 1967, 225.
- 20 Grözinger, *a w*, 1987, 241.
- 21 R Bohren, *Die predigt vom neuen Menschen* 1996 (ongepubliseerde lesing gelewer in Tokio Japan).
- 21(a) R P Martin, *The epistle of Paul to the Philippians. An introduction and commentary*, Grand Rapids 1983, 24.
- 22 H Braunschweiger, "Auf dem Weg zu einer poetischen Homiletik - Einige Aspekte der Hermeneutik Ricoeurs als Impuls für die Homiletik", *Evangelische Theologie*, 39/2 (1979), 128.
- 23 R Bohren, "Meditation", in: D Stolsberg (ed), *Praxis Ecclesiae - Praktische Theologie als Hermeneutik, Katechetik und Homiletik im Dienste der Kirche*, München 1970, 335.
- 24 R Bohren, *Predigtlehre* 6, Gütersloh 1993, 18.
- 25 B Müller, "Prediking in oorganstyd, 'n kritiese analise", *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 38, 1 en 2 (1997), 132.
- 26 C J H Venter "Prediking oor politieke sake - riglyne vanuit Romeine 12-15", *In die Skriflig*, 31/1 en 2, 24.
- 27 K Berger, "Hermeneutik und Ästhetik", in: J Seim en L Steiger (eds). *Lobet Gott - Beiträge zur theologischen Ästhetik* (Festschrift Rudolf Bohren zum 70 Geburtstag) München 1990, 49; vergelyk ook Braunschweiger, *a w*, 1979, 128 en W Brueggemann, *Finally comes the poet - daring speech for proclamation*, Minneapolis 1989, 3.
- 28 J Smolík, "Die Unfähigkeit zum lob", in: J Seim en L Steiger (hrsg). *Lobet Gott - Beiträge zur theologischen Ästhetik* (Festschrift Rudolf Bohren zum 70 Geburtstag), München 1990, 17.
- 29 J Seim, "Lobet gott - Beobachtungen für enine theologische Ästhetik mit Johannes Bobrowski", in: J Seim & L Steiger (hrsg). *Lobet Gott - Beiträge zur*

theologischen Ästhetik (Festschrift Rudolf Bohren zur 70 Geburtstag), München 1990, 22.

30 G Lukács, *Ästhetik, I*, Neuwied am Rhein 1963, 258.

31 R Bohren, *a w*, 1975, 225.

32 R Bohren, *a w*, 1975, 227.

33 E Eggimann, soos aangehaal deur R Bohren, *a w*, 1993, 33.